



Die Maand Wat Was

Maart 2014 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Hierdie is 'n spesiale uitgawe van die maandelikse Sakegesprek Nuusbrief waarin ek uittreksels uit Warren Buffett se Jaarlikse Nuusbrief, soos vrygestel op Saterdag 1 Maart 2014, met julle deel

Agtergrond oor Warren Buffet en Charlie Munger se beleggingsmaatskappy – Berkshire Hathaway

As jy in 1965 \$100 se Berkshire Hathaway-aandele gekoop het, was dit vandag net kort van \$700 000 werd, 'n groeikoers van gemiddeld 19,7% per jaar. As jy kyk na die prestasie van die S&P 500-indeks, die maatstaf waarteen Buffett hul prestasie meet, was dieselfde \$100 vandag sowat \$10 000 werd, 'n groeikoers van 9,8% per jaar.

Dit is duidelik dat Berkshire Hathaway, met Buffett en Charlie Munger aan die stuur, heelwat beter as die indeks presteer, maar oor die lang termyn ook beter as bykans alle beleggings en beleggingsbestuurders.

Korttermyn Prestasie

As 'n mens egter die afgelope vyf jaar gebruik, het Berkshire Hathaway vir die eerste keer sedert 1965 vir 'n vyfjaarperiode swakker as hul maatstaf, die S&P 500-indeks, presteer. (Berkshire Hathaway het met 70% gegroei in vergelyking met die S&P 500 se 92%). Daar was groot verwagtinge om te sien hoe Buffett dié onderprestasie gaan verduidelik.

Die ampse toevalligheid waarmee hy dit aanraak, sê nogal baie oor die media en mark kommentators se beheptheid met korttermynprestasie.

Buffett noem dat hulle wel swakker presteer as die indeks wanneer die indeks sterk styg. In 10 jaar uit altesame 49 jaar het Berkshire Hathaway onderpresteer vergeleke met die S&P 500-indeks. In 9 van daardie 10 jaar het die indeks met meer as 15% gestyg.

Buffett meen steeds dat, indien jy na die hele siklus kyk, dus vanaf 2007 se hoogtepunt, gaan hulle steeds beter as die indeks presteer. Buffett is gemaklik, dat in normale markbewegings, hulle steeds die indeks sal klop oor lang periodes van tyd.

Dit is duidelik dat hy die onderprestasie van vyf jaar nie werklik as belangrik beskou nie – dit gaan tog oor waardetoevoeging op die lang termyn.

Ek reken hier is 'n les in vir beleggers wat korttermynprestasies najaag en hul besluite grond op wat die afgelope drie of vyf jaar gebeur het. Niemand, nie eens Buffett, kan siklusse voorspel nie. Dit gaan eerder oor die langtermyn gesonde beginsels as die soeke na die volgende groot beweging.

Vooruitsigte vir die VSA

Wat Amerika en die vooruitsigte vir die Amerikaanse ekonomie aanbetref, bevestig Buffett dat in die 237 jaar van die bestaan van Amerika, dit nog nooit lonend was om te belê asof Amerika nié suksesvol gaan wees nie. Inteendeel, Buffett meen dat Amerika se beste dae nog gaan kom!

Hy waarsku Amerikaners egter dat hulle in die volgende dekade baie, baie slegte nuus gaan kry oor pensioenfondse en pensioenfondsverpligtinge. Hy mik dié veral op fondse wat voordele waarborg; hy meen die wiskunde agter die verpligtinge word nie altyd verstaan nie.

Punte oor die Berkshire Hathaway strategie

Wanneer dit kom by belegging en die koop van besighede, lig hy twee interessante punte uit:

Eerstens dat hy graag minderheidsbelange wil besit – hy meen dat jy eerder 'n klein deel van 'n diamant wil besit as 'n groot deel van 'n stukkie modder. Hy skryf deel van hul sukses juis daaraan toe dat die aankoop van minderheidsbelange aan hulle 'n mededingende voordeel gee.

Tweedens beklemtoon hy weer dat 'n uitstekende besigheid 'n swak belegging kan wees indien jy te veel daarvoor betaal het.

Advies aan beleggers

Buffett verwys na twee nie-aandele beleggings wat hy gemaak het – die een was 'n plaas wat hy gekoop het en die ander 'n kantoorgebou in New York wat verhuur word.

Die plaas koop begin in 1986 – dit is nadat plaasgrond se waarde ná 1981 met meer as 50% gedaal het. Dieselfde dalings in landbougrond het wêreldwyd voorgekom ná die stygings in die olieprys en verhogings in rentekoerse.

Hy het besluit om 'n 161 ha-plasie vir sy oudste seun, Howard Buffett, te koop aangesien dié wou gaan boer.

Hy het \$280 000 vir die plaas betaal, aansienlik minder as wat banke bereid was om teen die plaas uit te leen in die periode voor 1981.

Buffett erken hy weet niks van boerdery nie. Hy het op Howard staatgemaak om die insette, opbrengste en marges te verstaan. Waarvan hy wel kennis gehad het, was hoe om die potensiële opbrengs op sy belegging te bereken. Gegewe die prys wat hy betaal het en die opbrengskoerse beskikbaar, het sy berekening gewys dat die opbrengs op die kapitaal 10% sou wees. Hy het ook gemeen die opbrengste sal toeneem namate tegnologie en boerderymetodes verbeter.

Waarom het hy geglo dat die risiko-opbrengs-verhouding in sy guns is? Omdat hy die plaas gekoop het op grond van die beginsel dat sy normale opbrengs 10% op die koopsom sou wees, het hy sy afwaartse risiko as klein beskou en gemeen dat die verbeterde oeste in sy guns gaan wees.

Dit is presies wat gebeur het – hy sê reguit hy weet steeds niks van boerdery nie, maar die plaas se verdienste het intussen verdriedubbel en dis vyf keer meer werd as wat hy daarvoor betaal het. Hy was maar onlangs vir die tweede keer ooit op die plaas!

“Ek het nie enige ongewone kennis of intelligensie nodig gehad om tot die slotsom te kom dat die belegging geen daal risiko het nie en potensieel 'n wesentlike groeikans gehad het,” is hoe hy dit beskryf.

Hy het die huureiendom in 1993 gekoop, weereens nadat die eiendomsmark 'n knou gekry het. Weereens meen hy die ontleding was eenvoudig – die opbrengs op die eiendom was 10%, maar dit was nie goed bestuur nie. Daar was oop winkelruimte wat onder beter bestuur waarskynlik uitverhuur sou kon word.

Die beginsels was dieselfde – teen die huidige koopprys kon hy 10% verdien, met die geleentheid om dit te verhoog deur die gebou beter te bestuur.

Weereens het hierdie belegging uitstekend gewerk en vandag is die opbrengs op die aanvangskapitaal waarteen die gebou in 1993 gekoop is, 35%.

Buffett hoop om die een of ander tyd te sien hoe die gebou lyk – hy het dit nog nooit besoek nie!

Aandelebeleggings

Daar is geen verskil tussen die beginsels van Buffett se twee klein beleggings en enige ander belegging nie.

Beleggings gaan oor die bate se vermoë om produktief opbrengste te lewer. Dit gaan nie oor die bewegings in markpryse nie en nog minder oor wat die nuusberigte van die dag is.

Die enigste verskil tussen hierdie twee beleggings en die markte (aandele, effekte, groeifondse) is dat markte se pryse

daaglik vertoon word, wat nie relevant is wanneer dit handel oor die langtermynproduksievermoë van die bate nie.

Dit moet eintlik tog 'n voordeel wees vir beleggers dat pryse en waardes daaglik gepubliseer word, maar in baie gevalle maak die bewegings mense ongemaklik.

Buffett stel dit gelyk aan die wispelturige boer op die buurplaas wat elke dag 'n prys noem waarteen hy sy plaas wil verkoop of nog grond wil koop op grond van sy gemoedstoestand op daardie dag.

Die vraag is: Hoe gaan ek voordeel trek uit hierdie irrasionele gedrag van die buurman?

Die meeste van die tyd gaan ek die buurman ignoreer (ek fokus tog op die plaas se produksievermoë), maar as hy die dag bereid is om sy plaas teen 'n belaglike prys te verkoop, moet ek dit mos koop.

Mense wat aandele besit (hetsy direk of deur fondse, beleggings, of 'n pensioenfonds), laat toe dat die irrasionele gedrag van die buurman – of dan die mark – hul besluite beïnvloed. Daar word so baie gepraat oor bewegings, waardes en pryse dat mense hulle daaraan begin steur en erger nog, besluite daarvolgens wil neem.

Toe die markte in 2008 erg gedaal het, was daar mos geen rede om te verkoop nie – ja, van die maatskappye het swaarder gekry, maar die produktiewe bates is steeds in bedryf en hul winste groei steeds, waarom verkoop?

Buffett sê in die 54 jaar dat Berkshire Hathaway belê, het hulle nog nooit 'n belegging gedoen omdat die ekonomiese of politieke omgewing swak gelyk het nie.

Uiteindelik is al wat tel:

- Kan die produksievermoë van die bate vir die volgende vyf jaar bereken word?
- Gegewe hierdie produksievermoë, kan die bate teen 'n redelike prys bekom word?

In die nuusbrieff praat Buffett oor die gewone belegger wat nie die kennis het om die verdienste van beleggings vooruit te skat nie. Hy sê gewone beleggers moenie probeer om 'n wenner te kies nie.

Buffet se raad is eenvoudig: Belê in 'n laekoste-indeks. Jy kry só blootstelling aan 'n verskeidenheid van produktiewe ondernemings.

Nou dat jy weet *wat* om te doen; is die ander vraag *wanneer* jy dit moet doen.

Die probleem is dat baie mense begin belê juis wanneer daar goeie nuus is en markte duur is, wat dan tot teleurstelling gaan lei as markte later weer daal. Die raad is om oor lang tydperke te belê en nooit te verkoop as die markte daal en/of die nuus negatief is nie.

Die onkundige belegger wat oor lang tydperke aanhou belê in die indeks, sal tevrede wees met die uiteindelijke resultate. Die onkundige belegger wat hierby hou, gaan beter doen as die kundige belegger wat meen hy weet alles.

Terug na die plaas-voorbeeld: Die boer wat aanhoudend koop en verkoop, sal nooit in die opbrengste van die produktiewe bate deel nie. Bly by die gesonde plaas-beginsels en hou die koste laag!

Volg Buffett sy eie – wat hy noem “eenvoudige raad”

Hy het toevallig presies dieselfde beginsels in sy eie testament uitgestippel. Al sy aandele gaan aan verskeie liefdadigheidsorganisasies met die opdrag dat dit binne tien jaar na sy dood versprei moet word. Sy vrou kry kontant met die opdrag dat 10% van haar erflating in kontant gehou moet word en dat 90% in 'n lae-koste- Amerikaanse indeksfonds belê moet word.

My kommentaar: Werêldwyd, dit sluit Suid-Afrika in, kry slegs 'n klein minderheid van fondsbestuurders en adviseurs dit reg om in die indeks oor lang periodes van tyd te klop. Die beginsel om 'n groot deel van jou bates in 'n laekoste indeksfonds te belê, is gesond en van toepassing op ons eie markte – miskien is hierdie 'n geval van wat Warren vir Mev Buffet aanbeveel, dalk goeie advies vir elkeen van ons ook is?

Buffett voorspel dat die meeste beleggers wat dié strategie (laekoste-indeksfondse) volg, beter gaan presteer as die

meeste beleggers – hetsy pensioenfondse, finansiële instellings of kenners met hoogs betaalde adviseurs.

Beleggingsbeginsels

- Jy hoef nie 'n kenner of spesialis te wees om goeie opbrengste op beleggings te verdien nie. Hou dinge eenvoudig en moet nooit mik vir groot winste nie. As iemand 'n vinnige wins belowe, antwoord ewe vinnig “nee”.

My kommentaar: In Suid-Afrika is daar gereeld voorbeelde van flambojante opbrengsbeloftes, onthou die risikovrye opbrengskoers is tans rondom 8%. Alles wat meer as dit verdien, of belowe word, het 'n risiko – maak seker jy verstaan die risiko!

- Fokus altyd op die toekomstige produktiwiteit van die belegging. As jy nie 'n basiese berekening van die toekomstige verdienste kan doen nie of ongemaklik daarvoor voel – draai jou rug daarop.

My kommentaar: Indien jy nie weet waar 'n beleggings se wins vandaan kom en/of dit raak te gekompliseerd, pasop – daar is gewoonlik 'n slang in die gras.

- As jy fokus op die feit dat die prys kan styg, is jy besig om te spekuleer en nie te belê nie. Buffett is skepties oor mense wat dinge koop omdat hulle meen dit gaan in waarde toeneem. Hy noem hulle “coinflippers”. Hy meen die helfte van “coinflippers” gaan die eerste keer reg raai, maar op die langer termyn kan daar nie van hulle verwag word om dit gereeld reg te kry nie.

My Kommentaar: 'n Beleggingsstrategie gebou op jou vermoë om dinge vooruit te skat of markbewegings reg te lees, werk nie. Net so om iets te koop omrede jy meen iemand gaan eendag meer daarvoor betaal as wat jy betaal het, faal gewoonlik.

- In albei voorbeelde van nie-aandeel-beleggings het hy gefokus op die onderliggende sake, nie op die waardes wat periodiek op- of afgaan nie. Hy meen as jy naweke geniet sonder om na die waarde van die beleggings te kyk, is dit presies wat jy ook in die week moet doen – fokus op die onderneming en nie op die waardes wat daal of styg nie.

My kommentaar: Waardes gaan op en af, die uiteindelijke prestasie gaan oor die onderliggende kwaliteit van die bate.

- Moet jou nie steur aan allerhande opinies nie, vooruitskattings (veral oor markte) is “'n mors van tyd”. Hy gaan verder – om te luister na kommentators se vooruitskattings is gevaarlik aangesien dit jou aandag verdeel.

My kommentaar: Ongelukkig word mark kommentators daaglik geforseer om 'n opinie uit te spreek – moet hierdie nie as langtermyn beleggingsadvies sien nie!

Berkshire Hathaway Jaarvergadering

Ek en my twee van my kollegas, Warren Ingram wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuur en Hayden Simpson wat aan hoof staan van Galileo Risk, gaan op 4 Mei Berkshire Hathaway se jaarvergadering in Omaha in die VSA bywoon. Tydens hierdie “Woodstock” vir Kapitaliste (soos Buffet dit self noem) beantwoord Warren Buffet en Charlie Munger vir basies die hele dag vrae van die sowat 35,000 mense van regoor die wêreld wat die byeenkoms bywoon.

Ek beplan om gereeld te tweet ([@sakegesprek](#) is my twitter adres) tydens die jaarvergadering en ook my waarnemings in 'n nuusbrief net na die besoek uit te stuur.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

**Volg ons op
TWITTER**



Volg ons op twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek) vir program
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Die volgende **Sakegesprek** reeks word beplan vanaf **April 2014** en strek weer oor 13 weke. Soos met die afgelope 52 episodes, gaan Theo poog om met vooraanstaande sakeleiers te gesels oor hul loopbane, suksesse en leierskap. Ons gaan in hierdie reeks die net bietjie wyer gooi en ook praat met mense wat in ander velde suksesvol is, maar tog ook waardevolle lesse het wat ons elkeen in ons eie loopbane en besighede kan toepas. Kontak my gerus as julle enige voorstelle het van persone met wie ek onderhoude kan voer?

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.